

Titel: Die lewe is 'n lied, sing hom
Pastor: De Waal Esterhuizen
Datum: 04 Julie 2010
Tyd: 09h30



a: waarop is jou fondasie gebou?

- **Vriende**
- **Geld**
- **Kennis/vaardighede**

Fill 4:7

En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

b: vra met 'n verwagting

- **God wil Homself aan jou openbaar**
- **Op 'n manier wat jy sal verstaan**

Matt 7:7

Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.

c: onnodige hardkoppigheid

- **ons het 'n vrye wil**

1. lewe of dood - jou keuse

Spreuke 18:1

Hy wat homself afskei, soek sy eie begeerte; hy bestry alles wat waarlik tot voordeel strek.

2. om aanstoot te neem – jou keuse

Matt 18:7

Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom.

d: druk deur in slyp-tye

- ❖ **karakter is eerste prys**

Rom 5:3-5

³ En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk,⁴ en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;⁵ en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

e: weet dat Hy die Goeie Herder is

Rom 2:4

Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierendheid van God jou tot bekering wil lei nie?

Gal 6:14

Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.

f: wees deursigtig

Gal 2:6

Maar van die wat in aansien was – wat hulle vroeër was, maak by my geen verskil nie; God neem die persoon van die mens nie aan nie – hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie.

g: dien

❖ **groot sal jou belonging wees**

Matt 25:23

Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in die vreugde van jou heer.